

Graad Nege opvoeders se perspektiewe op en ervarings van die vorderings- en bevorderingsbeleid by geselekteerde skole

Die einde van elke jaar bring vir onderwysers uitdagings met die vorderings- en bevorderingsbeleid ten opsigte van leerders wat moet oorgaan na die volgende graad. Opvoeders moet besluit of hulle vir leerders gaan soek vir punte, leerders se persentasies of 'n hele vak se persentasies kondoneer, of spesifieke persentasies gaan aanpas vanaf bevordering na terughouding.

Die studie wou die opinies en oogpunte van onderwysers, oor die huidige beleid, inwin. Sedert hierdie beleid geïmplementeer is is die effektiwiteit daarvan nog nie weer hersien nie. Hierdie navorsing wou ook uitvind wat die impak en invloed daarvan is om leerders te onderrig wat eenvoudig elke jaar deurgesit is, sonder dat hulle die nodige vaardighede van die vorige graad baasgeraak het nie.

Ek het onderhoude gevoer met beide ervare en onervare Graad 9 onderwysers, om sodoende 'n breër perspektief te kry. Die meer ervare onderwysers se perspektiewe was veral interessant omdat hulle reeds vir jare-lank moes aanpas by veranderinge in die onderwys, tog het hulle steeds 'n passie vir onderrig.

Die bevindings van die studie was, dat kondonering en die vorderings- en bevorderingsbeleid hersien moet word. Deelnemers het ook aangedui dat die departement 'n meer deelnemende benadering behoort te hê wanneer dit kom by kondonering en aanpassings, en sodoende meer ondersteuning te bied tydens die proses. Die redenasie is dat onderwysers 'n beleid waarin hulle geken is beter sal verstaan, implementeer en toepas.

Die onderwysers het uiteindelik ook gesê dat hulle baie bevoorreg en dankbaar gevoel het ten opsigte van die situasie by hulle skool, al besef hulle dat dit nie die geval is by ander skole nie aangesien laasgenoemde ander uitdagings het.

Zita Adonis

Studieleier: Prof B van Wyk